Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 13 (5) (a) en 12 van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), soos gewysig, bepaal ek hierby dat, in die gebiede waarvan die grense in die Bylae hiervan omskryf word, geen persoon vanaf 1 Augustus 1982 tot en met 31 Oktober 1982—

1. 'n brandstrook in artikel 13 van genoemde Wet bedoel, mag skoonmaak deur te brand nie; of

No. 1641

30 July 1982

PROHIBITION ON FIRES IN THE OPEN AIR AND ON THE CLEARING OF FIRE-BELTS BY BURNING.— DISTRICTS OF PIET RETIEF/ERMELO/WAKKERSTROOM

Under the powers vested in me by sections 13 (5) (a) and 12 of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), as amended, I hereby determine that, in the areas the boundaries of which are defined in the Schedule hereto, no person shall from 1 August 1982 up to and including 31 October 1982—

1. clear by burning any fire-belt referred to in section 13 of the said Act; or

2. 'n vuur in die ope lug mag maak of laat maak nie, of as so 'n vuur wel gemaak is, mag toelaat dat sodanige vuur voortbrand nie of brandstof daarby mag voeg nie, of dit weer mag aansteek nie, uitgesonderd—

2.1 vure gemaak binne 'n afgebakende piekniek- of kampeerplek of vakansie-oord wat, indien hulle in private besit is, behoorlik gelisensieer moet wees, of wat deur 'n plaaslike owerheid of 'n Staatsdepartement in stand gehou word: Met dien verstande dat sodanige vure gemaak is op plekke wat spesifiek vir dié doel daargestel en voorberei is;

2.2 vure gemaak op woonpersele binne geproklameerde dorpsgebiede; en

2.3 vure gemaak vir redes wat spesiaal goedgekeur is deur en onderworpe is aan die voorwaardes gestel deur die Streekdirekteur van die Direktoraat van Boswese van die Departement van Omgewingsake, Nelspruit, op aanbeveling van die Suidoostelike Brandbestrydingsvereniging, Piet Retief.

C. V. VAN DER MERWE, Minister van Omgewingsake.

BYLAE

NOORDELIKE GRENS

Vanaf die punt waar die Ermelo/Amsterdam pad die westelike grens van die plaas Steenkoolspruit 275 IT kruis; daarvandaan in 'n oostelike rigting tot by Amsterdam en verder tot by Nerston aan die Swazilandgrens.

OOSTELIKE GRENS

Vanaf Nerston met die Swazilandgrens langs in 'n suidelike rigting tot by die gemeenskaplike grens tussen die eiendomme Berbice 23 HU en Bergplaats 25 HU; daarvandaan in 'n algemeen suidwestelike rigting tot by die Transvaal/Natalgrens met die oostelike grense van die volgende eiendomme langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Berbice 23 HU, Delft 22 HU, Agatha 41 HU en Gunsteling 45 HU.

SUIDELIKE GRENS

Vanaf die aansluiting van die suidoostelike grens van die eiendom Gunsteling 45 HU met die Transvaal/Natalgrens in 'n algemeen westelike rigting met die Transvaal/Natalgrens langs tot by die Piet Retief/Braunschweigpad op die plaas Zendingpost 204 HT.

WESTELIKE GRENS

Vanaf die aansluiting van die Piet Retief/Braunschweigpad met die Natal/Transvaalgrens op die plaas Zendingpost 204 HT, in 'n oostelike rigting met genoemde pad langs oor die plase Tafelberg 186 HT, Talaga 183 HT en Normandie 178 HT tot by die aansluiting met die Piet Retief/Paul Pietersburgpad; daarvandaan in 'n noordelike rigting met genoemde pad langs tot by die kruising met die Assegaairivier op die plaas Umkonta 150 HT; daarvandaan in 'n noordwestelike rigting met die Assegaairivier langs tot by die kruising met die Piet Retief/Wakkerstroompad, op die plaas Welverdiend 148 HT; daarvandaan met genoemde pad langs in 'n westelike rigting tot waar die pad die suidelike grens van die eiendom Kaffir Locatie 24 HT kruis; daarvandaan in 'n algemeen westelike rigting met die suidelike grense van die volgende eiendomme langs, sodat hulle by die gebied ingesluit word: Kaffir Locatie 24 HT, Groot-spruit 23 HT, Roodekraal 21 HT en Makwassa 19 HT; daarvandaan met die westelike grens van die eiendom Rooikop 18 HT, die suidwestelike grens van die eiendom Nooitgezien 381 HT en die suidoostelike, suidwestelike en westelike grense van die eiendom Twyfelhoek 379 IT langs tot by die aansluiting van laasgenoemde grens met die Wakkerstroom/Amersfoort-landdrosdistriksgrens; daarvandaan in

2. make or cause to be made any fire in the open air or, if such fire has been made, allow such fire to continue to burn or add fuel thereto or rekindle it, save—

2.1 fires made within a demarcated picnic or camping area or holiday resort, which should be duly licensed if they are privately owned, or which are maintained by a local authority or a Government Department: Provided that such fires shall be made only at places specifically provided and prepared for that purpose;

2.2 fires made on residential stands within proclaimed townships; and

2.3 fires made for reasons specially approved, and under conditions laid down, by the Regional Director, Directorate of Forestry, of the Department of Environment Affairs, Nelspruit, on the recommendation of the South-East Fire Protection Association, Piet Retief.

C. V. VAN DER MERWE, Minister of Environment Affairs.

SCHEDULE

NORTHERN BOUNDARY

From the point where the Ermelo/Amsterdam Road crosses the western boundary of the farm Steenkoolspruit 275 IT; thence in an easterly direction to Amsterdam, and further to Nerston on the Swaziland Border.

EASTERN BOUNDARY

From Nerston, along the Swaziland Border, in a southerly direction to the common boundary between the properties Berbice 23 HU and Bergplaats 25 HU; thence in a generally south-westerly direction to the Transvaal/Natal Border along the eastern boundaries of the following properties, so as to include them in the area: Berbice 23 HU, Delft 22 HU, Agatha 41 HU and Gunsteling 45 HU.

SOUTHERN BOUNDARY

From the junction of the south-eastern boundary of the property Gunsteling 45 HU with the Transvaal/Natal Border in a generally westerly direction along the Transvaal/Natal Border to the Piet Retief/Braunschweig Road on the farm Zendingpost 204 HT.

WESTERN BOUNDARY

From the junction of the Piet Retief/Braunschweig Road with the Natal/Transvaal Border on the farm Zendingpost 204 HT; in an easterly direction along the said road, passing over the farms Tafelberg 186 HT, Talaga 183 HT and Normandie 178 HT to the junction with the Piet Retief/Paul Pietersburg Road; thence in a northerly direction along the said road to the crossing with the Assegaai River on the farm Umkonta 150 HT; thence in a north-westerly direction along the Assegaai River to the crossing with the Piet Retief/Wakkerstroom Road on the farm Welverdiend 148 HT; thence along the said road in a westerly direction to where the road intersects the southern boundary of the property Kaffir Locatie 24 HT; thence in a generally westerly direction along the southern boundaries of the following properties, so as to include them in the area: Kaffir Locatie 24 HT, Groot-spruit 23 HT, Roodekraal 21 HT and Makwassa 19 HT; thence along the western boundary of the property Rooikop 18 HT, the south-western boundary of the property Nooitgezien 381 HT and the south-eastern, south-western and western boundaries of the property Twyfelhoek 379 IT to the junction with the last-mentioned boundary of the Wakkerstroom/Amersfoort Magisterial District Boundary;

'n algemeen noordelike rigting met die Wakkerstroom/Amersfoort-landdrosdistrikgrens langs tot by die Ermelo-landdrosdistrikgrens; daarvandaan noordwaarts met die westelike grense van die volgende eiendomme langs, sodat hulle by die gebied ingesluit word: Nooitgedacht 319 IT, Mavieriestad 321 IT, Twyfelaar 298 IT, Blymoedig 301 IT, Windhoek 291 IT, Waaihoek 286 IT en Schiedam 274 IT, tot by 'n punt waar die Ermelo/Amsterdampad die grens van die plaas Steenkoolspruit 275 IT kruis.

thence in a generally northerly direction along the Wakkerstroom/Amersfoort Magisterial District Boundary to the Ermelo Magisterial District Boundary; thence northwards along the western boundaries of the following properties, so as to include them in the area: Nooitgedacht 319 IT, Mavieriestad 321 IT, Twyfelaar 298 IT, Blymoedig 301 IT, Windhoek 291 IT, Waaihoek 286 IT and Schiedam 274 IT, to a point where the Ermelo/Amsterdam Road crosses the boundary of the farm Steenkoolspruit 275 IT.

No. 1642

30 Julie 1982

**VERBOD OP VURE IN DIE OPE LUG EN OP DIE MAAK VAN BRANDSTROKE DEUR TE BRAND.—
DISTRIKTE LYDENBURG / PELGRIMSRUS / WIT-
RIVIER / NELSPRUIT / WATERVAL-BOVEN / BEL-
FAST/CAROLINA/BARBERTON**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels 13 (5) (a) en 12 van die Boswet 1968 (Wet 72 van 1968), soos gewysig, bepaal ek hierby dat, in die gebiede waarvan die grense in die Bylae hiervan omskryf word, geen persoon vanaf 1 Augustus 1982 tot en met 31 Oktober 1982—

1. 'n brandstrook in artikel 13 van genoemde Wet bedoel, mag skoonmaak deur te brand nie; of

2. 'n vuur in die ope lug mag maak of laat maak nie, of as so 'n vuur wel gemaak is, mag toelaat dat sodanige vuur voortbrand nie of brandstof daarby mag voeg nie, of dit weer mag aansteek nie, uitgesonderd—

2.1 vure gemaak in die gedeeltes van KaNgwane en Lebowa geleë binne die omskrewende grens;

2.2 vure gemaak binne 'n afgebakende piekniek- of kampeerplek of vakansie-oord wat, indien hulle in private besit is, behoorlik gelisensieer moet wees, of wat deur 'n plaaslike owerheid of 'n Staatsdepartement in stand gehou word: Met dien verstande dat sodanige vure gemaak is op plekke wat spesifiek vir dié doel daargestel en voorberei is;

2.3 vure gemaak op woonpersele binne geproklameerde dorpsgebiede;

2.4 die brand van suikerlande voor inoesting; en

2.5 vure gemaak vir redes wat spesiaal goedgekeur is deur en onderworpe is aan die voorwaardes gestel deur die Streekdirekteur van die Direkoraat van Boswese van die Departement van Omgewingsake, Sabie of Nelspruit.

C. V. VAN DER MERWE, Minister van Omgewingsake.

BYLAE

GEBIED A

Suidelike grens

Vanaf die aansluiting van die Lydenburg/Machadodorp/Waterval-Bovenpad op die eiendom Schoongezicht 347 JT; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met die Machadodorp/Waterval-Boven/Nelspruitpad langs sodat die padreserwe by die gebied ingesluit word, tot waar hierdie pad die grens tussen die eiendomme Doornhoek 341 JT en Kindergoed 332 JT kruis; daarvandaan in 'n algemeen suidelike rigting met die westelike grense van die eiendomme Kindergoed 332 JT, Schoonspruit 340 JT en Elandshoek 536 JT langs; daarvandaan in 'n suidwestelike rigting met die noordwestelike grense van die volgende plase langs: Doornhoek 614 JT (distrik Carolina), Driehoek 395 JT, Ndubazi Ranch 413 JT (distrik Waterval-Boven), tot by 'n punt waar laasgenoemde plaasgrens die Machadodorp/Badplaaspad, Pad P180-1, kruis, sodat die plase by die gebied

No. 1642

30 July 1982

**PROHIBITION ON FIRES IN THE OPEN AIR AND ON THE CLEARING OF FIRE-BELTS BY BURNING.—
DISTRICTS OF LYDENBURG/PILGRIM'S REST/
WHITE RIVER / NELSPRUIT / WATERVAL-BOVEN / BELFAST/BARBERTON**

Under the powers vested in me by sections 13 (5) (a) and 12 of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), as amended, I hereby determine that, in the areas the boundaries of which are defined in the Schedule hereto, no person shall from 1 August 1982 up to and including 31 October 1982—

1. clear by burning any fire-belt referred to in section 13 of the said Act; or

2. make or cause to be made any fire in the open air or, if such fire has been made, allow such fire to continue to burn or add fuel thereto or rekindle it, save—

2.1 fires made in those portions of KaNgwane and Lebowa situated inside the defined boundary;

2.2 fires made within a demarcated picnic or camping area or holiday resort, which should be duly licensed if they are privately owned, or which are maintained by a local authority or a Government department: Provided that such fires shall be made only at such places as have been specifically provided and prepared for that purpose;

2.3 fires made on residential stands within proclaimed townships;

2.4 burning of sugar cane fields prior to harvesting; and

2.5 fires made for reasons specially approved, and under conditions laid down, by the Regional Director, Directorate of Forestry, of the Department of Environment Affairs, Sabie or Nelspruit.

C. V. VAN DER MERWE, Minister of Environment Affairs.

SCHEDULE

AREA A

Southern boundary

From the junction of the Lydenburg/Machadodorp/Waterval-Boven Road on the property Schoongezicht 347 JT; thence in a generally easterly direction along the Machadodorp/Waterval-Boven/Nelspruit Road, so as to include the road reserve in the area, to the point where this road intersects the boundary between the properties Doornhoek 341 JT and Kindergoed 332 JT; thence in a generally southerly direction along the western boundaries of the properties Kindergoed 332 JT, Schoonspruit 340 JT and Elandshoek 536 JT; thence in a south-westerly direction along the north-western boundaries of the following farms: Doornhoek 614 JT (Carolina District), Driehoek 395 JT, Ndubazi Ranch 413 JT (Waterval-Boven District) to a point where the boundary of the last-mentioned farm crosses the

ingesluit word; daarvandaan in 'n algemeen suidoostelike rigting met genoemde pad langs tot waar die pad die Badplaas/Barbertonpad, Paaie P11-1 en P11-2, op die eiendom Kees Zyn Doorns 708 JT kruis; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting met die Badplaas/Barbertonpad, Paaie P11-1 en P11-2, langs tot waar laasgenoemde pad die Carolina/Barberton-landdrosdistriksgrens kruis sodat die padre-serwe by die gebied ingesluit word; daarvandaan eers in 'n suidelike en dan in 'n algemeen oostelike rigting met die Carolina/Barberton-landdrosdistriksgrens langs tot by die Swazilandgrens; daarvandaan in 'n algemeen oostelike rigting tot by die Mosambiek/Swaziland/R.S.A.-grenskruising.

Oostelike grens

Vanaf die noordoostelike hoek van die eiendom Maviljan 252 KU in 'n algemeen suidelike rigting met die oostelike grense van die volgende eiendomme in genoemde volgorde langs: Maviljan 252 KU, Injaka 267 KU, Waterval 273 KU, Marite 287 KU en Sandford 291 KU, sodat hulle by die gebied ingesluit word; daarvandaan in 'n oostelike rigting met die Pelgrimsrus/Witrivierdistriksgrens langs tot by die grens van die Nasionale Krugerwildtuin; daarvandaan suidwaarts en ooswaarts met die grens van die Nasionale Krugerwildtuin langs tot by die Mosambiekgrens; daarvandaan suidwaarts tot by die Swaziland/Mosambiek/R.S.A.-grenskruising.

Noordelike grens

Vanaf die noordoostelike hoek van die eiendom Maviljan 252 KU met die noordelike en westelike grense van genoemde eiendom langs, sodat die eiendom by die gebied ingesluit word, tot by die noordelike grens van die plaas Injaka 267 KU; daarvandaan weswaarts met die noordelike grens van die plaas Injaka 267 KU en noord- en weswaarts met die oostelike en noordelike grense van die plaas Wales 250 KU langs sodat laasgenoemde twee plase by die gebied ingesluit word; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike rigting met die noordelike en oostelike grense van die volgende eiendomme in genoemde volgorde langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Ramanas 536 KT, Versailles 535 KT, De Houtbosch 503 KT, The Peak 504 KT, Crystal 497 KT, Terpen 466 KT, Op de Berg 429 KT, Mulford 433 KT en Lander 434 KT, tot by die suidelikste hoekbaken van Gedeelte 1 van Mariepskop 420 KT; daarvandaan met die oostelike grens van Gedeelte 1 van Mariepskop 420 KT langs tot by die suidoostelike grens van die eiendom Blyde Rivier Poort 416 KT, sodat Gedeelte 1 van Mariepskop 420 KT by die gebied ingesluit word; daarvandaan met die suidoostelike en noordoostelike grense van Blyde Rivier Poort 416 KT langs sodat die eiendom by die gebied ingesluit word; daarvandaan verder noordweswaarts met die noordoostelike grense van die eiendomme Diepkloof 415 KT en Steenveld 229 KT langs tot by die noordelikste hoek van Steenveld 229 KT, sodat laasgenoemde twee eiendomme by die gebied ingesluit word; daarvandaan suidwaarts met die westelike grens van Steenveld 229 KT langs tot by die noordoostelike hoek van Rietvley 413 KT; daarvandaan weswaarts langs die noordelike grense van die plase Rietvley 413 KT, Branddraai 409 KT en Klipfonteinhoek 407 KT langs tot waar die Ohrigstad/Tzaneenpad die noordelike grens van laasgenoemde plaas kruis, sodat Rietvley 413 KT, Branddraai 409 KT en die gedeelte van Klipfonteinhoek 407 KT geleë ten ooste van genoemde pad by die gebied ingesluit word.

Westelike grens

Vanaf die aansluiting van die Lydenburg-, Machadodorp-Waterval-Bovenpad op die eiendom Schoongezicht 347 JT; daarvandaan noordwaarts met die westelike grens van die padre-serwe van die Machadodorp/Lydenburg/Tzaneenpad langs deur Lydenburg en Ohrigstad tot by die punt waar hierdie pad die noordelike grens van die eiendom Klipfonteinhoek 407 KT kruis.

Machadodorp/Badplaas Road, Road P180-1, so as to include them in the area; thence in a generally south-easterly direction along the said road to where this road intersects with the Badplaas/Barberton Road, Roads P11-1 and P11-2, on the property Kees Zyn Doorns 708 JT; thence in a generally easterly direction along the Badplaas/Barberton Road, Roads P11-1 and P11-2, so as to include the road reserve in the area, to where the last-mentioned road intersects the Carolina/Barberton Magisterial District Boundary; thence first in a southerly and then in a generally easterly direction along the Carolina/Barberton Magisterial District Boundary to the Swaziland Border; thence in a generally easterly direction to the Mozambique/Swaziland/Republic Border intersection.

Eastern boundary

From the north-eastern corner of the property Maviljan 252 KU in a generally southerly direction along the eastern boundaries of the following properties in succession so as to include them in the area: Maviljan 252 KU, Injaka 267 KU, Waterval 273 KU, Marite 287 KU, and Sandford 291 KU; thence in an easterly direction along the Pilgrim's Rest/White River District boundary to the Kruger National Park boundary; thence southwards and eastwards along the Kruger National Park boundary to the Mozambique Border; thence southwards to the Swaziland/Mozambique/Republic Border intersection.

Northern boundary

From the north-eastern corner of the property Maviljan 252 KU along the northern and western boundaries of this property, so as to include the property in the area, to the northern boundary of the farm Injaka 267 KU; thence westwards along the northern boundary of the farm Injaka 267 KU and north- and westwards along the eastern and northern boundaries of the farm Wales 250 KU so as to include the two last-mentioned farms in the area; thence in a generally north-westerly direction along the northern and eastern boundaries of the following properties in succession so as to include them in the area: Ramanas 536 KT, Versailles 535 KT, De Houtbosch 503 KT, The Peak 504 KT, Crystal 497 KT, Terpen 466 KT, Op de Berg 429 KT, Mulford 433 KT and Lander 434 KT to the southernmost corner beacon of Portion 1 of Mariepskop 420 KT; thence along the eastern boundary of Portion 1 of Mariepskop 420 KT, to the south-eastern boundary of the property Blyde Rivier Poort 416 KT so as to include Portion 1 of Mariepskop 420 KT in the area; thence along the south-eastern and north-eastern boundaries of Blyde Rivier Poort 416 KT so as to include this property in the area; thence further north-westwards along the north-eastern boundaries of the properties Diepkloof 415 KT and Steenveld 229 KT to the northernmost corner of Steenveld 229 KT, so as to include the last-mentioned two properties in the area; thence southwards along the western boundary of Steenveld 229 KT to the north-eastern corner of Rietvley 413 KT; thence westwards along the northern boundaries of the farms Rietvley 413 KT, Branddraai 409 KT and Klipfonteinhoek 407 KT to the point where the Ohrigstad/Tzaneen Road crosses the northern boundary of the last-mentioned farm, so as to include in the area Rietvley 413 KT, Branddraai 409 KT and that portion of Klipfonteinhoek 407 KT situated to the east of the said road.

Western boundary

From the junction of the Lydenburg, Machadodorp and Waterval-Boven Roads on the property Schoongezicht 347 JT; thence northwards along the western road-reserve boundary of the Machadodorp/Lydenburg/Tzaneen Road through Lydenburg and Ohrigstad to that point where this road crosses the northern boundary of the property Klipfonteinhoek 407 KT.

GEBIED B

Die eiendom Tweefontein 357 JT.

No. 1643

30 Julie 1982

**VERBOD OP VURE IN DIE OPE LUG.—
DISTRIK ZOUTPANSBERG**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 12 van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), soos gewysig, bepaal ek hierby dat, in die gebied waarvan die grense in die Bylae hiervan omskryf word, geen persoon vanaf 1 Augustus 1982 tot 14 November 1982 'n vuur in die ope lug mag maak of laat maak nie, of as so 'n vuur wel gemaak is, mag toelaat dat sodanige vuur voortbrand nie of brandstof daarby mag voeg nie of dit weer mag aansteek nie, uitgesonderd—

(a) vure gemaak binne 'n afgebakende piekniek- of kampeerplek of woonwapark wat deur 'n Staatsdepartement, plaaslike owerheid of private instansies in stand gehou word: Met dien verstande dat sodanige vure gemaak is op plekke wat spesifiek vir dié doel voorberei en in stand gehou word en dat sodanige gebiede in private beheer deur die Streekdirekteur van die Direkoraat van Boswese van die Departement van Omgewingsake, Louis Trichardt, as veilig verklaar is;

(b) vure gemaak vir die bereiding van voedsel op woonpersele;

(c) die brand van afval deur 'n plaaslike owerheid: Met dien verstande dat goedkeuring vir die verbranding van sulke afval in elke geval vooraf verleen is deur die Streekdirekteur van die Direkoraat van Boswese van die Departement van Omgewingsake, Louis Trichardt; en

(d) die brand van vuilgoed op plase, woonpersele groter as een hektaar en persele in nuutgeproklameerde dorpsgebiede wat ontwikkel word: Met dien verstande dat goedkeuring daarvoor vooraf deur die Streekdirekteur van die Direkoraat van Boswese van die Departement van Omgewingsake, Louis Trichardt, verleen is en dat vure minstens 10 meter van enige ontvlambare materiaal of plantegroei, behalwe die ontvlambare materiaal vir die maak van die vuur, gemaak moet word.

C. V. VAN DER MERWE, Minister van Omgewingsake.

BYLAE

Vanaf die suidelike hoek van die plaas Ballymore 42 LT, in die landdrostdistrik Zoutpansberg; daarvandaan in 'n algemeen noordoostelike rigting met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Ballymore 42 LT, Doornspruit 41 LT, Uitspanning 40 LT, Wolferoode 38 LT, Welgevonden 36 LT, Driefontein 33 LT, Beaufort 32 LT en Naboomkop 50 LT, tot by die suidelike hoek van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen noordoostelike rigting met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Naboomkop 50 LT, Waterboom 30 LT, Verzameling van Waters 31 LT en Laatsgevonden 20 LT, tot by die westelike hoek van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n algemeen noordwestelike en westelike rigting met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Laatsgevonden 20 LT, gekonsolideerde plaas Levubu 15 LT, Gedeelte 2 van Barotta 17 LT, die gedeelte noord van die Louis Trichardt/Sibasapad van die gekonsolideerde plaas Levubu 15 LT, Gedeeltes 9, 16, 4 en 15 van Klein Australië 13 LT, Nooitgedacht 14 LT, Schoonuitzicht 10 LT en Piesanghoek 244 MT, tot by die noordelike hoek van laasgenoemde plaas; daarvandaan in 'n noordoostelike rigting met die grens van die plaas Waterfall 224 MT langs tot by die noordoostelike hoek daarvan; daarvandaan algemeen weswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Waterfall 224 MT, Rietbok 226 MT en Vergenoeg 228 MT, tot by die noordelike hoek van laasgenoemde plaas; daarvandaan met die

AREA B

The property Tweefontein 357 JT.

No. 1643

30 July 1982

**PROHIBITION ON FIRES IN THE OPEN AIR.—
DISTRICT OF ZOUTPANSBERG**

Under and by virtue of the powers vested in me by section 12 of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), as amended, I hereby determine, that in the area the boundaries of which are defined in the Schedule hereto, no person shall from 1 August 1982 to 14 November 1982 make or cause to be made any fire in the open air or, if such fire has been made, allow such fire to continue to burn or add fuel thereto or rekindle it, save—

(a) fires made within a demarcated picnic or camping area or a caravan park maintained by a Government Department, a local authority or private bodies: Provided that such fires shall be made only at places specifically prepared and maintained for that purpose and on condition that such areas under private control have been declared safe by the Regional Director of the Directorate of Forestry of the Department of Environment Affairs, Louis Trichardt;

(b) fires made for the preparation of food on residential stands;

(c) burning of refuse by a local authority: Provided that prior approval for the burning of such refuse has in each case been given by the Regional Director of the Directorate of Forestry of the Department of Environment Affairs, Louis Trichardt; and

(d) burning of rubbish on farms, residential premises of one hectare or more in extent and premises in newly proclaimed townships under development: Provided that prior approval therefor has been granted by the Regional Director of the Directorate of Forestry of the Department of Environment Affairs, Louis Trichardt, and that fires shall be made not closer than 10 metres to any inflammable material or vegetation, except the inflammable material used in the making of the fire.

C. V. VAN DER MERWE, Minister of Environment Affairs.

SCHEDULE

From the southern corner of the farm Ballymore 42 LT, in the Magisterial District of Zoutpansberg, thence in a generally north-easterly direction along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Ballymore 42 LT, Doornspruit 41 LT, Uitspanning 40 LT, Wolferoode 38 LT, Welgevonden 36 LT, Driefontein 33 LT, Beaufort 32 LT and Naboomkop 50 LT, to the southern corner of the last-mentioned farm; thence in a generally north-easterly direction along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Naboomkop 50 LT, Waterboom 30 LT, Verzameling van Waters 31 LT and Laatsgevonden 20 LT, to the western corner of the last-mentioned farm; thence in a generally north-westerly and westerly direction along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Laatsgevonden 20 LT, the consolidated farm Levubu 15 LT, Portion 2 of Barotta 17 LT, the portion north of the Louis Trichardt/Sibasapad Road of the consolidated farm Levubu 15 LT, Portions 9, 16, 4 and 15 of Klein Australië 13 LT, Nooitgedacht 14 LT, Schoonuitzicht 10 LT and Piesanghoek 244 MT, to the northern corner of the last-mentioned farm; thence in a north-easterly direction along the boundary of the farm Waterfall 224 MT to the north-eastern corner thereof; thence generally westwards along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Waterfall 224 MT, Rietbok 226 MT and Vergenoeg 228 MT, to the northern corner of the last-mentioned farm; thence along the eastern, northern and western boundaries of the farm Studholme 229

oostelike, noordelike en westelike grense van die plaas Studholme 229 MT langs tot by die westelike hoek daarvan sodat genoemde plaas by die gebied ingesluit word; daarvandaan met die noordelike grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Nootgedacht 721 MS, Franshoek 726 MS, Mooiplaas 728 MS, Morning Sun 729 MS, Roxonstone 795 MS, Zwarthoek 794 MS, Sandbacht 787 MS, Alaska 784 MS, Beeston 785 MS, Clydesdale 800 MS, Punch Bowl 799 MS, Highfield 797 MS, Harnham 793 MS en Fife 790 MS; daarvandaan suidwaarts met die westelike grense van die volgende plase in genoemde volgorde langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Fife 790 MS, Outlook 789 MS, Gouvernements Beloning 260 LS, Goede Hoop 262 LS en Lordens Grove 263 LS; daarvandaan ooswaarts met die suidelike grens van Lordens Gove 263 LS en suidooswaarts met die suidwestelike grens van Victoria 274 LS langs tot by die grens van Louis Trichardt dorpsgronde sodat die plaas Victoria 274 LS by die gebied ingesluit word; daarvandaan met die grens van Louis Trichardt dorpsgronde langs tot by die Louis Trichardt-Vivo-hoofpad; daarvandaan ooswaarts met hierdie pad langs tot in Louis Trichardt dorp sodat die gedeelte van Louis Trichardt dorpsgronde ten noorde van genoemde pad by die gebied ingesluit word; daarvandaan ooswaarts met Rissikstraat, noordwaarts met Kroghstraat en ooswaarts met Trichardtstraat tot by die Messina/Pietersburgpad; daarvandaan in 'n suidelike rigting met die westelike grens van die plaas Rondebosch 287 LS langs sodat die plaas by die gebied ingesluit word; daarvandaan met die westelike grens van die plaas Mampaskuil 313 LS langs tot by die suidwestelike hoek daarvan sodat die plaas by die gebied ingesluit word; daarvandaan in 'n suidoostelike rigting met die grense van die plase Melkhoutkoppies 314 LS en Boschkopje 315 LS langs tot by die suidelike hoek van die plaas Boschkopje 315 LS; daarvandaan noordooswaarts met die grense van die volgende plase langs sodat hulle by die gebied ingesluit word: Boschkopje 315 LS en Ballymore 42 LT, tot by die suidelike hoek van laasgenoemde plaas, die beginpunt.

MT to the western corner thereof so as to include the said farm in the area; thence along the northern boundaries of the following farms, so as to include them in the area: Nootgedacht 721 MS, Franshoek 726 MS, Mooiplaas 728 MS, Morning Sun 729 MS, Roxonstone 795 MS, Zwarthoek 794 MS, Sandbacht 787 MS, Alaska 784 MS, Beeston 785 MS, Clydesdale 800 MS, Punch Bowl 799 MS, Highfield 797 MS, Harnham 793 MS and Fife 790 MS; thence southwards along the western boundaries of the following farms in succession so as to include them in this area: Fife 790 MS, Outlook 789 MS, Gouvernements Beloning 260 LS, Goede Hoop 262 LS and Lordens Grove 263 LS; thence eastwards along the southern boundary of Lordens Grove 263 LS and south-eastwards with the south-western boundary of Victoria 274 LS to the boundary of Louis Trichardt Townlands so as to include Victoria 274 LS in the area; thence along the boundary of Louis Trichardt Townlands to the Louis Trichardt-Vivo Main Road; thence eastwards along this road into the town of Louis Trichardt so as to include in the area that portion of Louis Trichardt Townlands situate to the north of the said road; thence eastwards along Rissik Street, northwards along Krogh Street and eastwards along Trichardt Street to the Messina/Pietersburg Road; thence in a southerly direction along the western boundary of the farm Rondebosch 287 LS so as to include the farm in the area; thence along the western boundary of the farm Mampaskuil 313 LS to the south-western corner thereof so as to include the farm in the area; thence in a south-easterly direction along the boundaries of the farms Melkhoutkoppies 314 LS and Boschkopje 315 LS to the southern corner of the farm Boschkopje 315 LS; thence north-eastwards along the boundaries of the following farms so as to include them in the area: Boschkopje 315 LS and Ballymore 42 LT, to the southern corner of the last-mentioned farm, the point of beginning.

DEPARTEMENT VAN SAMEWERKING EN ONTWIKKELING

No. 1606

30 Julie 1982

ADMINISTRASIERAAD VIR DIE OOS-TRANSSVAAL-
GEBIED.—REGULASIES BETREFFENDE SKALE
VAN LEGES EN GELDE VIR DIE SWART WOONGE-
BIEDE GELEË TE ERMELO EN PIET RETIEF—
WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING
360 VAN 29 FEBRUARIE 1980

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 22 (1) (b), van die Wet op die Administrasie van Swart Sake, 1971 (Wet 45 van 1971), gelees met artikel 11 (1) (e) (i) (aa) van genoemde Wet en met artikel 38 (3) van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), wysig hierby, ná oorlegpleging met die Administrasieraad vir die Oos-Transvaalgebied, Goewermenskennisgewing 360 van 29 Februarie 1980, soos gewysig, ooreenkomstig bygaande Bylae.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Leër A1/3/2/13/111)

BYLAE

1. Vervang paragraaf 8 (1) van die Bylae deur die volgende:

“(1) Perseeluur: R17.”.

DEPARTMENT OF CO-OPERATION AND DEVELOPMENT

No. 1606

30 July 1982

ADMINISTRATION BOARD FOR THE EASTERN
TRANSSVAAL AREA.—REGULATIONS RELATING
TO TARIFFS OF FEES AND CHARGES FOR THE
BLACK RESIDENTIAL AREAS SITUATE AT ERMELO
AND PIET RETIEF—AMENDMENT OF GOVERN-
MENT NOTICE 360 OF 29 FEBRUARY 1980

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf and by direction of the Minister of Co-operation and Development, under the powers vested in him by section 22 (1) (b) of the Black Affairs Administration Act, 1971 (Act 45 of 1971), read with section 11 (1) (e) (i) (aa) of the said Act and with section 38 (3) of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), do hereby, after consultation with the Administration Board for the Eastern Transvaal Area, amend Government Notice 360 of 29 February 1980, as amended, in accordance with the accompanying Schedule.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A1/3/2/13/111)

SCHEDULE

1. Substitute the following for paragraph 8 (1) of the Schedule:

“(1) Site rent: R17.”.

2. Vervang paragraaf 13 (1) van die Bylae deur die volgende:

“(1) Perseelhuur: R12.”.

No. 1618

30 Julie 1982

INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 9 (1) VAN DIE SWARTES (STADSGBIEDE) KONSOLIDASIEWET, 1945 (WET 25 VAN 1945), TEN OPSIGTE VAN 'N GEDEELTE VAN DIE STADSGBIED BLOEMFONTEIN

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, verklaar hierby namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 9 (2) (e) van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), en op versoek van die Administrasieraad vir die Suid-Oranje-Vrystaatgebied, dat die vrystelling van die bepaling van artikel 9 (1) van genoemde Wet, wat van toepassing is op die huisvesting van hoogstens een Swarte wat voltyds as bona fide-huisbediende in diens van 'n private huishouer is en wat huisvesting goedgekeur deur genoemde Administrasieraad, bewoon wat deur sy werkgewer verskaf word op die perseel waar hy aldus in diens is, met ingang van die datum van afkondiging hiervan nie in dié gedeelte van die stadsgebied Bloemfontein wat bekend is as Pellissier, soos omskryf in Administrateursproklamasies 34, 35 en 36 van 1980 en 21 van 1982 van die Oranje-Vrystaat, onder die naam Bloemfontein-uitbreidings 128, 133, 134 en 135, geld nie.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A7/3/B44)

No. 1621

30 Julie 1982

ADMINISTRASIERAAD VIR DIE OOS-RAND-GBIED.—AFSKAFFING VAN SWART WOON-GBIED BEKEND AS BRAKPAN TE BRAKPAN

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling, maak kragtens artikel 3 (4) van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945), hierby bekend dat die Brakpan Swart Woongebied te Brakpan en afgesonder by Goewermmentskennisgewing 562 van 26 April 1963, kragtens artikel 3 (2) van genoemde Wet afgeskaf is.

Goewermmentskennisgewing 562 van 26 April 1963 word hierby ingetrek.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A6/5/2/B67)

No. 1645

30 Julie 1982

REGULASIES BETREFFENDE DIE GEMEENSKAPSRAAD VAN KROONSTAD.—WYSIGING VAN GOEWERMMENTS-KENNISGEWING R. 945 VAN 1978

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (4) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), en ná oorlegpleging met die betrokke administrasieraad en

2. Substitute the following for paragraph 13 (1) of the Schedule:

“(1) Site rent: R12.”.

No. 1618

30 July 1982

WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM THE PROVISIONS OF SECTION 9 (1) OF THE BLACKS (URBAN AREAS) CONSOLIDATION ACT, 1945 (ACT 25 OF 1945), IN RESPECT OF A PORTION OF THE URBAN AREA OF BLOEMFONTEIN

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, hereby declare, on behalf and by direction of the Minister of Co-operation and Development, by virtue of the powers vested in him by section 9 (2) (e) of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), and at the request of the Administration Board for the Southern Orange Free State Area, that the exemption from the provisions of section 9 (1) of the said Act, which applies to the accommodation of not more than one Black employed full-time as a bona fide domestic servant by a private householder and occupying accommodation approved by the said Administration Board and provided by his employer on the premises on which he is so employed, shall with effect from the date of publication hereof, not apply in that portion of the urban area of Bloemfontein known as Pellissier, as defined in Administrator's Proclamations 34, 35 and 36 of 1980 and 21 of 1982 of the Orange Free State, under the name Bloemfontein Extensions 128, 133, 134 and 135.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A7/3/B44)

No. 1621

30 July 1982

ADMINISTRATION BOARD FOR THE EAST RAND AREA.—ABOLITION OF BLACK RESIDENTIAL AREA KNOWN AS BRAKPAN AT BRAKPAN

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation acting on behalf and by direction of the Minister of Co-operation and Development, do hereby announce in terms of section 3 (4) of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945), that the Brakpan Black Residential Area at Brakpan and set apart by Government Notice 562 of 26 April 1963, has been abolished in terms of section 3 (2) of the said Act.

Government Notice 562 of 26 April 1963 is hereby withdrawn.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A6/5/2/B67)

No. 1645

30 July 1982

REGULATIONS GOVERNING THE COMMUNITY COUNCIL OF KROONSTAD.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 945 OF 1978

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation and Development, do hereby, under the powers vested in him by section 11 (4) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), and after consulta-

gemeenskapsraad, wysig hierby Goewermentskennisgewing R. 945 van 1978 alleen vir sover dit op die Kroonstad Gemeenskapsraad van toepassing is, ooreenkomstig bygaande Bylae.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A2/14/2/K65)

BYLAE

1. Vervang regulasie 2 (2) deur die volgende regulasie:

“(2) Sodanige verdeling word binne een maand na die datum van publikasie van hierdie Regulasies gedoen en daarna met tussenpose soos deur die Raad bepaal en deur die Minister goedgekeur.”.

2. Vervang regulasie 63 met sy opskrif deur die volgende opskrif en regulasie:

“Vulling van vakatures

63. Indien 'n vakature in 'n Gemeenskapsraad ontstaan, word die vakature, tensy die termyn van die Gemeenskapsraad verstryk voordat sodanige vakatures gevul kan word, binne ses maande na die bepaling van sodanige vakature gevul deur middel van 'n verkiesing wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies gehou word.”.

No. 1646

30 Julie 1982

REGULASIES BETREFFENDE GEMEENSKAPSRADE IN DIE ADMINISTRASIEGEBIED VAN DIE OOSKAAPSE ADMINISTRASIERAAD.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 103 VAN 1978

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (4) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), en ná oorlegging met die betrokke administrasieraad en gemeenskapsraad, wysig hierby Goewermentskennisgewing R. 103 van 1978 alleen vir sover dit op die Uitenhage/Despatch Gemeenskapsraad van toepassing is, ooreenkomstig bygaande Bylae.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A2/14/2/U3)

BYLAE

1. Vervang regulasie 2 (2) deur die volgende regulasie:

“(2) Sodanige verdeling word binne een maand na die datum van publikasie van hierdie Regulasies gedoen en daarna met tussenpose soos deur die Raad bepaal en deur die Minister goedgekeur.”.

2. Vervang regulasie 63 met sy opskrif deur die volgende opskrif en regulasie:

“Vulling van vakatures

63. Indien 'n vakature in 'n Gemeenskapsraad ontstaan, word die vakature, tensy die termyn van die Gemeenskapsraad verstryk voordat sodanige vakature gevul kan word, binne ses maande na die bepaling van sodanige vakature gevul deur middel van 'n verkiesing wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie Regulasies gehou word.”.

tion with the administration board and community council concerned, amend Government Notice R. 945 of 1978, in so far only as it applies to the Kroonstad Community Council, in accordance with the accompanying Schedule.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A2/14/2/K65)

SCHEDULE

1. For regulation 2 (2) substitute the following regulation:

“(2) Such division shall be made within one month after the date of publication of these Regulations and thereafter at intervals as determined by the Board and approved by the Minister.”.

2. For regulation 63 and its heading substitute the following heading and regulation:

“Filling of vacancies

“63. Should a vacancy occur in a Community Council, the vacancy shall, unless the term of the Community Council expires before such vacancy can be filled, be filled within six months of the determination of such vacancy by means of an election held in accordance with the provisions of these Regulations.”.

No. 1646

30 July 1982

REGULATIONS GOVERNING THE COMMUNITY COUNCILS IN THE ADMINISTRATION AREA OF THE EASTERN CAPE ADMINISTRATION BOARD.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 103 OF 1978

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation and Development, do hereby, under the powers vested in him by section 11 (4) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), and after consultation with the administration board and community council concerned, amend Government Notice R. 103 of 1978, in so far only as it applies to the Uitenhage/Despatch Community Council in accordance with the accompanying Schedule.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A2/14/2/U3)

SCHEDULE

1. For regulation 2 (2) substitute the following regulation:

“(2) Such division shall be made within one month after the date of publication of these Regulations and thereafter at intervals as determined by the Board and approved by the Minister.”.

2. For regulation 63 and its heading substitute the following heading and regulation:

“Filling of vacancies

63. Should a vacancy occur in a Community Council, the vacancy shall, unless the term of the Community Council expires before such vacancy can be filled, be filled within six months of the determination of such vacancy by means of an election held in accordance with the provisions of these Regulations.”.

No. 1647

30 Julie 1982

REGULASIES BETREFFENDE DIE GEMEENSKAPSRaad VAN KAAPSTAD.—WYSIGING VAN GOEWERMENSKENNISGEWING R. 169 VAN 1979

Ek, George de Villiers Morrison, Adjunk-minister van Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking en Ontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (4) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), en ná oorlegpleging met die betrokke administrasieraad en gemeenskapsraad, wysig hierby Goewermentskennisgewing R. 169 van 1979 alleen vir sover dit op die Kaapstad Gemeenskapsraad van toepassing is, ooreenkomstig bygaande Bylae.

G. DE V. MORRISON, Adjunk-minister van Samewerking.

(Lêer A2/14/2/K1)

BYLAE

1. Vervang regulasie 2 (1) deur die volgende regulasie:
"2. (1) Die Raad verdeel die gebied waarvoor die Gemeenskapsraad ingestel is in 16 wyke."
2. Vervang regulasie 2 (2) deur die volgende regulasie:
"(2) Sodanige verdeling word binne een maand na die datum van publikasie van hierdie Regulasies gedoen en daarna met tussenpose soos deur die Raad bepaal en deur die Minister goedgekeur."
3. Vervang regulasie 63 met sy opskrif deur die volgende opskrif en regulasie:

"Vulling van vakatures

63. Indien 'n vakature in 'n Gemeenskapsraad ontstaan, word die vakature, tensy die termyn van die Gemeenskapsraad verstryk voordat sodanige vakature gevul kan word, binne ses maande na die bepaling van sodanige vakature gevul deur middel van 'n verkiesing wat ooreenkomstig die bepaling van hierdie Regulasies gehou word."

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 500 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregisrateur, maak hierby kragtens artikel 14 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, bekend dat ek die registrasie van die Oil and Petrol Employees (Unskilled Labourers) Union met ingang van 19 Julie 1982 ingetrek het.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregisrateur.
(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 502 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

AANSOEK OM VERANDERING VAN DIE REGISTRASIEBESTEK VAN 'N VAKVERENIGING

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Nywerheidsregisrateur, maak ingevolge artikel 4 (2) soos toegepas by artikel 7 (5) van bogenoemde Wet, hierby bekend dat 'n

No. 1647

30 July 1982

REGULATIONS GOVERNING THE COMMUNITY COUNCIL OF CAPE TOWN.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 169 OF 1979

I, George de Villiers Morrison, Deputy Minister of Co-operation, acting on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation and Development, do hereby, under the powers vested in him by section 11 (4) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), and after consultation with the administration board and community council concerned, amend Government Notice R. 169 of 1979 in so far only as it applies to the Cape Town Community Council in accordance with the accompanying Schedule.

G. DE V. MORRISON, Deputy Minister of Co-operation.

(File A2/14/2/K1)

SCHEDULE

1. For regulation 2 (1) substitute the following regulation:
"2. (1) The Board shall divide the area for which the Community Council has been established into 16 wards."
2. For regulation 2 (2) substitute the following regulation:
"(2) Such division shall be made within one month after the date of publication of these Regulations and thereafter at intervals as determined by the Board and approved by the Minister."
3. For regulation 63 and its heading substitute the following heading and regulation:

"Filling of vacancies

63. Should a vacancy occur in a Community Council, the vacancy shall, unless the term of the Community Council expires before such vacancy can be filled, be filled within six months after determination of such vacancy by means of an election held in accordance with the provisions of these Regulations."

GENERAL NOTICES

NOTICE 500 OF 1982

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, hereby notify, in terms of section 14 (2) of the Labour Relations Act, 1956, that I have cancelled the registration of the Oil and Petrol Employees (Unskilled Labourers) Union with effect from 19 July 1982.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.
(30 July 1982)

NOTICE 502 OF 1982

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

APPLICATION FOR VARIATION OF SCOPE OF REGISTRATION OF A TRADE UNION

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Industrial Registrar, do hereby, in terms of section 4 (2) as applied by section 7 (5) of the above-mentioned Act, give notice that

aansoek om die verandering van sy registrasiebestek ontvang is van die Building Construction and Allied Workers' Union. Besonderhede van die aansoek word in onderstaande tabel verstrekk.

Enige geregistreerde vakvereniging wat teen die aansoek beswaar maak, word versoek om binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing sy beswaar skriftelik by my in te dien, p/a die Departement van Mannekrag, Mannekraggebou 449, Schoemanstraat 215, Pretoria (posadres: Privaatsak X117, Pretoria, 0001).

TABEL

Naam van vakvereniging.—Building Construction and Allied Workers' Union.

Datum waarop aansoek ingedien is.—14 Mei 1982.

Belange en gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word.—Swartes in diens in die—

(i) Keramieknywerheid in die landdrostdistrikte Alberton en Benoni;

(ii) Siviele Ingenieursbedryf in die landdrostdistrik Potchefstroom.

“Keramieknywerheid” beteken die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings waar werknemers in diens is vir—

(a) die vervaardiging van een of meer van die volgende artikels: Elektriese porseleinisolators of -toebehore, breekgoed, pottebakkersware, oondware, wit of gekleurde sanitêre glasuurware, laboratoriumuitrusting, badkamertoebehore, muur- of vloerteëls (uitgesonderd steengroefteëls) wat in die vervaardigingsproses verhard word deur dit in 'n oond te bak of enige verhittingsproses te laat ondergaan en wat van klei gemaak is of waarvan klei of enige ander hittevaste of isolerende mineraal, erts of materiaal of 'n kombinasie van klei en enige sodanige ander mineraal, erts of materiaal die hoofbestanddeel uitmaak;

(b) die ekstrahering, ontginning, winning of bereiding van die klei of hittevaste of isolerende mineraal, erts of materiaal wat gebruik word by die vervaardiging van enige van die artikels in paragraaf (a) genoem, indien uitgeoefen deur werkgewers wat by sodanige vervaardiging betrokke is;

en dit omvat alle werksaamhede wat met enige van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspuit.

“Siviele Ingenieursbedryf” beteken die bedryf waarin werkgewers (uitgesonderd plaaslike owerhede) en werknemers met mekaar geassosieer is vir uitgrawingswerk of die bou van dokke, hawens, brûe, viadukte, akwadukte, kanale, pylleidings, kabelkanale, vliegvelde, bunkers, opgaarkuile, spoorweë, seeverdedigingswerke, rivierwerke, piere, kaaie, reservoirs, filtreerbeddings, rioolwerke, riolerings, tonnels of gashouers, en dit omvat werk van 'n soortgelyke aard maar uitgesonderd die Padmaakbedryf en werk verrig deur die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste.

Posadres van applikant.—Posbus 25271, Ferreirasdorp, 2048.

Kantooradres van applikant.—Tweede Verdieping, Estromin House, Simmondsstraat 47a, Johannesburg.

Die aandag word gevestig op onderstaande vereistes van artikels 4 en 7 van die Wet:

(a) Die mate waarin 'n beswaarmakende vakvereniging verteenwoordigend is, word ingevolge artikel 4 (4), soos toegepas by artikel 7 (5), bepaal volgens die feite soos hulle bestaan het op die datum waarop die aansoek ingedien is, en wat die lidmaatskap betref, word alleen lede wat ingevolge artikel 1 (2) van die Wet op voormelde datum volwaardige lede was, in aanmerking geneem.

an application for the variation of its scope of registration has been received from the Building Construction and Allied Workers' Union. Particulars of the application are reflected in the subjoined table.

Any registered trade union which objects to the application is invited to lodge its objection in writing with me, c/o the Department of Manpower, 449 Manpower Buildings, 215 Schoeman Street, Pretoria (postal address: Private Bag X117, Pretoria, 0001), within one month of the date of publication of this notice.

TABLE

Name of trade union.—Building Construction and Allied Workers' Union.

Date on which application was lodged.—14 May 1982.

Interests and area in respect of which application is made.—Black persons employed in the—

(i) Ceramics Industry in the Magisterial Districts of Alberton and Benoni;

(ii) Civil Engineering Industry in the Magisterial District of Potchefstroom.

“Ceramics Industry” means the industry in which employers and employees are associated in establishments where employees are employed for—

(a) the manufacture of any one or more of the following articles: Electrical porcelain insulators or fittings, crockery, pottery, ovenware, white or coloured glaze sanitary ware, laboratory equipment, bathroom fittings, wall tiles or floor tiles (other than quarry tiles) which in the process of being manufactured are hardened by burning in a kiln or by any other heat process and which are made from clay or of which clay or any other heat resisting or insulating mineral, ore or material or a combination of clay and any such other mineral, ore or material forms the principal component; or

(b) the extraction, mining, winning or preparation of the clay or heat-resisting or insulating mineral, ore or material used in the manufacture of any of the articles referred to in paragraph (a) if carried on by employers who are engaged in such manufacture;

and includes all operations incidental to or consequent on any of the aforesaid activities.

“Civil Engineering Industry” means the industry in which employers (other than local authorities) and employees are associated for excavation work or the construction of docks, harbours, bridges, viaducts, aqueducts, canals, pipelines, cableducts, aerodromes, bunkers, bins, railways, sea defences, river works, piers, quays, wharves, reservoirs, filter-beds, sewage works, sewers, tunnels or gas holders, and includes any work of a similar nature but does not include the Roadmaking Industry and work performed by the South African Transport Services.

Postal address of applicant.—P.O. Box 25271, Ferreirasdorp, 2048.

Office address of applicant.—Second Floor, Estromin House, 47a Simmonds Street, Johannesburg.

Attention is drawn to the following requirements of sections 4 and 7 of the Act:

(a) The representativeness of any trade union which objects to the application shall in terms of section 4 (4) as applied by section 7 (5) be determined on the facts as they existed at the date on which the application was lodged and, as far as membership is concerned, only members who were in good standing in terms of section 1 (2) of the Act as at the aforesaid date shall be taken into consideration.

(b) Die prosedure voorgeskryf by artikel 4 (2) moet gevolg word in verband met 'n beswaar wat ingediën word.

M. W. J. LE ROUX, Nywerheidsregistrator.

(30 Julie 1982)

(b) The procedure laid down in section 4 (2) must be followed in connection with any objection lodged.

M. W. J. LE ROUX, Industrial Registrar.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 503 VAN 1982

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.— LYS 3/82

Die volgende aansoeke wat deur die Raad van Handel en Nywerheid gedurende die tydperk 1 April tot 31 Mei 1982 oorweeg is, is nie gesteun nie:

A. Verhoging van die reg op:

1. Natriumtripolifosfaat.
2. Gerookte salm.
3. Veselbord.
4. Speelgoedfiets.

B. Verlaging van die reg op:

1. Gereedskap geheel en al van wolframkarbid.
2. Lugveërmotore.
3. Huishoudelike koelkaste.
4. Higiënies verpakte strooitjies.
5. Diepseeduikpakke met lugtoevoer.
6. Videospelers en moniters.
7. Radiografiese films.

C. Korting van die reg op:

1. Garing van poliamiedvesel vir die vervaardiging van vroue- en dogterskouse.
2. Ongevoeringde brandslang van weefstowwe vir die afwerking in brandslange.
3. Stawe, plate en stange van chroomkoperlegerings vir die vervaardiging van sweiselektrodes en vaste sweistoebe-hore.
4. Sitroensuur vir die vervaardiging van koeldrank.
5. Ruitglas.
6. Keramiese spoelklosetstelle.
7. Fenoplastiese vormpoeiers.

Die volgende aansoeke aan die Raad van Handel en Nywerheid is gedurende die tydperk 1 April tot 31 Mei 1982 teruggetrek, of die applikante het nie daarmee voortgegaan nie:

A. Verhoging van die reg op:

1. Hout vir die vervaardiging van dwarslêers.
2. Gesmede staalfleuse.
3. Voorafvervaardigde swembaddens.
4. Driewiel-fiets.

B. Verlaging van die reg op:

1. Seil vir die vervaardiging van watersakke.
2. Trekkerpompe.

C. Korting van die reg op:

1. Monofilamentgaring van poliësterveresel vir die vervaardiging van klerasie en gordynstowwe.
2. Vlas- en ramiegaring.
3. Veselpunte vir penne.
4. Meranti- en luanlaaghout vir die vervaardiging van musiekinstrumente.
5. Silikoonmateriaal vir strykplanke.
6. Stroopgekleurde garing van poliësterveresel vir die vervaardiging van rek.
7. Poliöksiëtileensetieleter vir die vervaardiging van skoonmaakmiddels vir toilette.
8. Grondstowwe vir die vervaardiging van uitsitlaste vir paaie.

NOTICE 503 OF 1982

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.— LIST 3/82

The following applications considered by the Board of Trade and Industries during the period 1 April to 31 May 1982, have not been supported:

A. Increase in the duty on:

1. Sodium tripolyphosphate.
2. Smoked salmon.
3. Fibre board.
4. Toy bicycles.

B. Reduction in the duty on:

1. Tools wholly of tungsten carbide.
2. Air wiper motors.
3. Household refrigerators.
4. Hygienically sealed drinking straws.
5. Deep-sea diving suits with air supply.
6. Video players and monitors.
7. Radiographic film.

C. Rebate of the duty on:

1. Yarn of polyamide fibre for the manufacture of women's and girls' stockings.
2. Unlined fire hose of woven textile fabric for finishing into fire hoses.
3. Rods, sheet and bars of chrome copper alloy, for the manufacture of welding electrodes and stationary welding equipment.
4. Citric acid for the manufacture of cold drinks.
5. Window glass.
6. Ceramic water closet sets.
7. Phenoplast moulding powders.

The following applications to the Board of Trade and Industries have been withdrawn during the period from 1 April to 31 May 1982, or have not been proceeded with by the applicants:

A. Increase in the duty on:

1. Wood for the manufacture of sleepers.
2. Forged steel flanges.
3. Prefabricated swimming pools.
4. Tricycles.

B. Reduction in the duty on:

1. Canvas for the manufacture of water bags.
2. Tractor pumps.

C. Rebate of the duty on:

1. Monofilament yarn of polyester fibre for the manufacture of clothing and curtaining.
2. Flax and ramie yarn.
3. Fibre points for pens.
4. Meranti and luan plywood for the manufacture of musical instruments.
5. Silicon material for ironing boards.
6. Spun dyed yarns of polyester fibre for the manufacture of elastics.
7. Polyoxyethylene cetyl ether for the manufacture of toilet cleaners.
8. Raw material for the manufacture of expansion joints for carriage ways.

Die volgende aansoeke om korting van die reg ingevolge item 470.03 wat deur die Raad van Handel en Nywerheid gedurende die tydperk 1 April 1982 tot 31 Mei 1982 ooreweg is, is gesteun:

1. Polipropileenvesel vir die vervaardiging van sakke vir die uitvoer van asbesvesel.
2. Ongeraffineerde appelsap.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 504 VAN 1982

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.— LYS 18/82

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie versoë moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, 0001, gerig word.

Verhoging van die reg op:

1. (a) Bladvere en veerblaaië daarvoor, indeelbaar by tariefsubpos 73.35.10.10, van 1 000c per 100 kg tot 10 persent *ad valorem* of 172c per kg min 90 persent *ad valorem*, met inbegrip van dié ingevoer met ongemonteerde onderstelle en motorvoertuie, by items 317.03 en 317.04; en

(b) spiraalvere, indeelbaar by tariefsubpos 73.35.10.90, van 1 000c per 100 kg tot 20 persent *ad valorem* of 280c per kg min 80 persent *ad valorem*, met inbegrip van dié ingevoer met ongemonteerde onderstelle en motorvoertuie by items 317.03 en 317.04. [RHN-verw. T5/2/15/2/1 (B62/82).]

Applikant:

National Spring (Pty) Limited, Posbus 14072, Wadeville, 1422.

2. (a) Smeeplate van koper met 'n wydte van minstens 100 mm en met 'n dikte van minstens 5,0 mm maar hoogstens 60 mm, indeelbaar by tariefpos 74.04, van 15 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of 80c per kg;

(b) smeefynplate van koper, met 'n wydte van meer as 350 mm en met 'n dikte van minstens 0,5 mm maar hoogstens 5 mm, indeelbaar by tariefpos 74.04, van 15 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of 80c per kg;

(c) smeeband van koper, met 'n wydte van meer as 6 mm maar hoogstens 350 mm en met 'n dikte van meer as 0,5 mm maar hoogstens 5 mm, indeelbaar by tariefpos 74.04, van 15 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of 75c per kg; en

(d) smeeband van koper, met 'n wydte van meer as 6 mm maar hoogstens 350 mm en met 'n dikte van hoogstens 0,5 mm, indeelbaar by tariefpos 74.04, van 15 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem* of 90c per kg. [RHN-verw. T5/2/15/3/1 (B53/82).]

Applikant:

McKechnie Brothers South Africa (Pty) Ltd, Posbus 382, Germiston, 1400.

3. Maleiensuuranhidried, indeelbaar by tariefsubpos 29.15.40, van 10 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/6/2/7 (B52/82).]

Applikant:

Nasionale Chemiese Produkte Beperk, Posbus 284, Bedfordview, 2008.

The following applications for rebate of the duty in terms of item 470.03, considered by the Board of Trade and Industries during the period from 1 April 1982 to 31 May 1982, have been supported:

1. Polypropylene fibre for the manufacture of bags for the export of asbestos fibre.
2. Unrefined apple juice.

(30 July 1982)

NOTICE 504 OF 1982

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.— LIST 18/82

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice.

Increase of the duty on:

1. (a) Leaf springs and leaves therefor, classifiable under tariff subheading 73.35.10.10, from 1 000c per 100 kg to 10 per cent *ad valorem* or 172c per kg less 90 per cent *ad valorem*, including those imported with unassembled chassis and motor vehicles under item 317.03 and 317.04; and

(b) coil springs, classifiable under tariff subheading 73.35.10.90, from 1 000c per 100 kg to 20 per cent *ad valorem* or 280c per kg less 80 per cent *ad valorem*, including those imported with unassembled chassis and motor vehicles under items 317.03 and 317.04. [BTI Ref. T5/2/15/2/1 (B62/82).]

Applicant:

National Spring (Pty) Limited, P.O. Box 14072, Wadeville, 1422.

2. (a) Wrought plates of copper, of a width exceeding 100 mm and of a thickness exceeding 5,0 mm but not exceeding 60 mm, classifiable under tariff heading 74.04, from 15 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or 80c per kg;

(b) wrought sheets of copper, of a width exceeding 350 mm and of a thickness exceeding 0,5 mm but not exceeding 5 mm, classifiable under tariff heading 74.04, from 15 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or 80c per kg;

(c) wrought strip of copper, of a width exceeding 6 mm but not exceeding 350 mm, and of a thickness exceeding 0,5 mm but not exceeding 5 mm, classifiable under tariff heading 74.04, from 15 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or 75c per kg; and

(d) wrought strip of copper, of a width exceeding 6 mm but not exceeding 350 mm and of a thickness not exceeding 0,5 mm, classifiable under tariff heading 74.04, from 15 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem* or 90c per kg. [BTI Ref. T5/2/15/3/1 (B53/82).]

Applicant:

McKechnie Brothers South Africa (Pty) Ltd, P.O. Box 382, Germiston, 1400.

3. Maleic anhydride, classifiable under tariff subheading 29.15.40, from 10 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/6/2/7 (B52/82).]

Applicant:

National Chemical Products Ltd, P.O. Box 284, Bedfordview, 2008.

Opmerking.—Bostaande aansoek het gelei tot die bestaande skaal van reg wat as tussentydse maatreël by Goewermentskennisgewing 2603 in *Staatskoerant* 7335 van 19 Desember 1980 afgekondig is en die aansoek word nou gepubliseer met die oog op die hersiening van die tussentydse maatreël.

4. Koordferweel van katoen of van gefabriseerde vesels, deur vervanging van die bestaande voorsienings by tariefsubposte 58.04.20 en 58.04.90 deur die volgende:

Tariefpos	Skaal van Reg
58.04.20 Koordferweel van katoen:	
.10 Met 'n massa per m ² van hoogstens 175 g	25% of 245c per m ² min 75%
.20 Met 'n massa per m ² van meer as 175 g maar hoogstens 225 g	25% of 270c per m ² min 75%
.30 Met 'n massa per m ² van meer as 225 g maar hoogstens 275 g	25% of 250c per m ² min 75%
.40 Met 'n massa per m ² van meer as 275 g	25% of 750c per kg min 75%
58.04.40 Koordferweel van gefabriseerde vesels:	
.10 Met 'n massa per m ² van hoogstens 175 g	25% of 245c per m ² min 75%
.20 Met 'n massa per m ² van meer as 175 g maar hoogstens 225 g	25% of 270c per m ² min 75%
.30 Met 'n massa per m ² van meer as 225 g maar hoogstens 275 g	25% of 250c per m ² min 75%
.40 Met 'n massa per m ² van meer as 275 g	25% of 750c per kg min 75%
58.04.90 Ander poolstowwe en chenillestowwe	10%

[RHN-verw. T5/2/11/3/1 (B32/82).]

Applikant:

Hebox Textiles Limited, Posbus 10, Hammarsdale, 3700.

Korting van reg op:

1. Multifilamentstringe na lengte gekerf, indeelbaar by tariefsubpos 70.20.25, vir die vervaardiging van poliamiedinspuitvormverbindings. [RHN-verw. T5/2/7/3/1 (D45/82).]

Applikant:

Plastamid (Pty) Ltd, Posbus 59, Elsiesrivier, 7480.

2. Naatlose aluminiumbuis, indeelbaar by tariefsubpos 76.06.20.10, vir die vervaardiging van motorvoertuigverkoelers. [RHN-verw. T5/2/16/2/8 (D50/82).]

Applikant:

Ferodo (Edms.) Bpk., Posbus 4983, Durban, 4000.

Korting van die reg (in Bylae 3) op:

Onafgewerkte koordferweel van katoen of gefabriseerde vesels, vir die afwerking daarvan, mits sodanige stowwe minstens al die volgende prosesse sal ondergaan: Ontlyming, was, bleik, nat en droë borsel, alkalisering, kleuring en die borsel van die gekleurde stof. [RHN-verw. T5/2/11/3/1 (D46/82).]

Applikant:

Hebox Textiles Limited, Posbus 10, Hammarsdale, 3700.

Notice.—The above application resulted in the existing rate of duty being published in *Government Gazette* 7335, dated 19 December 1980, under Government Notice 2603 as an interim measure and the application is now published with a view to revising this interim measure.

4. Corduroy of cotton or of man-made fibres, by substituting the following for the existing provisions under tariff subheadings 58.04.20 and 58.04.90:

Tariff Heading	Rate of Duty
58.04.20 Corduroy of cotton:	
.10 Of a mass per m ² not exceeding 175 g	25% or 245c per m ² less 75%
.20 Of a mass per m ² exceeding 175 g but not exceeding 225 g	25% or 270c per m ² less 75%
.30 Of a mass per m ² exceeding 225 g but not exceeding 275 g	25% or 250c per m ² less 75%
.40 Of a mass per m ² exceeding 275 g	25% or 750c per kg less 75%
58.04.40 Corduroy of man-made fibres:	
.10 Of a mass per m ² not exceeding 175 g	25% or 245c per m ² less 75%
.20 Of a mass per m ² exceeding 175 g but not exceeding 225 g	25% or 270c per m ² less 75%
.30 Of a mass per m ² exceeding 225 g but not exceeding 275 g	25% or 250c per m ² less 75%
.40 Of a mass per m ² exceeding 275 g	25% or 750c per kg less 75%
58.04.90 Other pile fabrics and chenille fabrics	10%

[BTI Ref. T5/2/11/3/1 (B32/82).]

Applicant:

Hebox Textiles Limited, P.O. Box 10, Hammarsdale, 3700.

Rebate of the duty on:

1. Multifilament strands chopped to length, classifiable under tariff subheading 70.20.25, for the manufacture of polyamide injection moulding compounds. [BTI Ref. T5/2/7/3/1 (D45/82).]

Applicant:

Plastamid (Pty) Ltd, P.O. Box 59, Elsie's River, 7480.

2. Seamless aluminium tubes, classified under tariff subheading 76.06.20.10, for the manufacture of motor vehicle radiators. [BTI Ref. T5/2/16/2/8 (D50/82).]

Applicant:

Ferodo (Pty) Ltd, P.O. Box 4983, Durban, 4000.

Rebate of the duty (in Schedule 3) on:

Unfinished corduroy of cotton or man-made fibres, for the finishing thereof, provided such fabrics are to undergo at least all the following processes: Desizing, scouring, bleaching, wet and dry brushing, causticing, dyeing and brushing of the dyed fabric. [BTI Ref. T5/2/11/3/1 (D46/82).]

Applicant:

Hebox Textiles Limited, P.O. Box 10, Hammarsdale, 3700.

Intrekking van die kortingsfasiliteite ten opsigte van:

Koordferweel by die volgende items:

(a) Poolweefstowwe (uitgesonderd terrystowwe) van katoen, met 'n waarde vir belastingdoeleindes per m² van meer as 28,7c en van sintetiese vesels, vir die vervaardiging van vroue- en dogtersboklere (item 311.20/58.04);

(b) geweeftde poolstowwe vir die vervaardiging van skoesisel (item 312.01/58.04);

(c) geweeftde poolstowwe vir die vervaardiging van hoofdeksels en hoedbande (item 312.02/58.04);

(d) geweeftde poolstowwe vir gebruik as stofferingsstof vir motorvoertuie (item 317.02/58.04); en

(e) geweeftde poolstowwe vir die vervaardiging van speelgoed (item 320.05/58.04). [RHN-verw. T5/2/11/3/1 (E8/82).]

Applikant:

Hebox Textiles Limited, Posbus 10, Hammarsdale, 3700.

Algemeen:

1. Skrapping van die woorde "ontwerp vir seuns, dogters, babas of kinders van hoogstens drie jaar," waar dit voorkom in tariefssubposte 60.04.07, 60.05.05, 61.01.20, 61.02.20, 61.04.10 en dië opmerking by kortingitem 311.22. [RHN-verw. T5/2/11/8/1 (F1/82).]

Applikant:

Kommissaris van Doeane en Aksyns, Privaatsak X47, Pretoria, 0001.

2. Vervanging van die huidige kortingsvoorsienings by items 405.04, 405.07, 405.08 en 405.11 deur die volgende:

405.04	<i>Goedere vir welsyn- en liefdadigheidsdoeleindes:</i>	
49.00	Drukwerk in braille	Volle reg
63.01	Gebuike klerasie wat aangekoop is deur, of ongevraagd en gratis versend word aan, enige kerk of enige welsynorganisasie wat kragtens die Nasionale Welsynswet, 1978 (Wet 100 van 1978), geregistreer is, vir gratis uitreiking deur sodanige kerk of organisasie aan behoeftige mense, onderworpe aan voorlegging ten tyde van invoer van 'n skriftelike verklaring deur sodanige kerk of organisasie dat die goedere aangekoop of ongevraagd en gratis versend is en dat dit gratis uitgereik sal word aan behoeftige mense	Volle reg
01.00	Deur die Kommissaris goedgekeurde goedere vir gebruik, deur 'n, deur die Kommissaris goedgekeurde organisasie of liggaam wat omsien na die belange van persone met liggaams- of geestesgebreke of bejaardes, onderworpe aan die voorwaardes wat die Kommissaris in elke geval stel en aan 'n permit deur hom uitgereik	Hoogstens die reg in Afdeling B van Deel 2 van Bylae 1
02.00	Nie-duursame verbruikersgoedere wat ingevoer of uit 'n doeane-en-aksynspakhuis geklaar word vir gratis verskaffing aan 'n deur die Kommissaris goedgekeurde organisasie of liggaam vir gratis verspreiding deur daardie organisasie of liggaam aan Weermag- of Polisiepersoneel terwyl sodanige personeel na die oordeel van die Kommissaris weg van gevestigde kwartiere diens doen, onderworpe aan die voorwaardes wat die Kommissaris in elke geval stel en aan 'n permit deur hom uitgereik	Volle reg

Withdrawal of the rebate facilities in respect of:

Corduroy under the following items:

(a) Pile woven fabrics (excluding terry fabrics) of cotton, of a value for duty purposes per m² exceeding 28,7c and of synthetic fibres for the manufacture of women's and girls' outer garments (item 311.20/58.04);

(b) woven pile fabrics, for the manufacture of footwear (item 312.01/58.04);

(c) woven pile fabrics, for the manufacture of headgear and hat bands (item 312.02/58.04);

(d) woven pile fabrics for use as upholstery material for motor vehicles (item 317.02/58.04); and

(e) woven pile fabrics for the manufacture of toys (item 320.05/58.04). [BTI Ref. T5/2/11/3/1 (E8/82).]

Applicant:

Hebox Textiles Limited, P.O. Box 10, Hammarsdale, 3700.

General:

1. The deletion of the words "designed for boys, girls, babies or children not exceeding three years of age", where they appear in tariff subheadings 60.04.07, 60.05.05, 61.01.20, 61.02.20, 61.04.10 and in the note to rebate item 311.22. [BTI Ref. T5/2/11/8/1 (F1/82).]

Applicant:

Commissioner for Customs and Excise, Private Bag X47, Pretoria, 0001.

2. Substitution of the following for the present rebate provisions under item 405.04, 405.07, 405.08 and 405.11:

405.04	<i>Goods for welfare or charitable purposes:</i>	
49.00	Printed matter in braille	Full duty
63.01	Used clothing purchased by, or forwarded unsolicited and free to, any church or any welfare organisation registered in terms of the National Welfare Act, 1978 (Act 100 of 1978), for distribution free of charge by such church or organisation to indigent persons, subject to production at the time of importation of a written declaration by such church or organisation that the goods have been purchased or forwarded unsolicited and free and that they will be distributed free of charge to indigent persons	Full duty
01.00	Goods approved by the Commissioner for use by an organisation or body approved by the Commissioner for the care of persons with physical or mental defects or the aged, subject to the conditions imposed by the Commissioner in each case and to a permit issued by him	Not exceeding the duty in Section B of Part 2 of Schedule 1
02.00	Non-durable consumer goods imported or cleared from a customs and excise warehouse for supply, free of charge, to an organisation or body approved by the Commissioner, for distribution, free of charge, by that organisation or body to members of the Defence or Police Force whilst such members are in the opinion of the Commissioner doing duty away from established quarters, subject to the conditions imposed by the Commissioner in each case and to a permit issued by him	Full duty

- 03.00 Goedere (uitgesonderd motorvoertuie) in die hoeveelhede deur die Raad van Handel en Nywerheid bepaal, bestem vir gebruik deur persone met liggams- of geestesgebreke mits sodanige goedere nie gewoonlik of op bevredigende wyse in die Republiek vervaardig word nie en 'n beampte van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Doves, die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Geestesgesondheid, die Nasionale Raad vir Kreupelsoorg of die Suid-Afrikaanse Nasionale Epilepsieliga 'n sertifikaat aan die Raad van Handel en Nywerheid verstrek dat sodanige goedere uitsluitlik vir die gebruik deur aldus gestremde persone bestem is en die invoerder 'n liggaam is wat by die betrokke Raad of Liga geaffiliseer is:
- 03.01 Artikels spesiaal ontwerp vir gebruik deur blindes of doves Volle reg
- 03.02 Masjiene, implemente en materiale vir gebruik deur gestremdes by die vervaardiging van goedere. Volle reg

[RHN-verw. T5/1/2/5 (F22/82).]

Applikant:

Kommissaris van Doeane en Aksyns, Privaatsak X47, Pretoria, 0001.

Vir Lys 17/82 kyk Algemene Kennisgewing 498 van 23 Julie 1982.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 505 VAN 1982

KOÖPERASIE WAT VAN DIE REGISTER GESKRAP IS.— CONTRACTORS CO-OPERATIVE SOCIETY LIMITED

Hiermee word bekendgemaak dat die naam van bogenoemde Koöperasie op 12 Julie 1982 ingevolge die bepalings van artikel 45 van die Koöperasiewet, 1981, van die register geskrap is.

Registrateur van Koöperasies.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 506 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAP-ONTWIKKELING

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA (Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 29 Mei 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/64 (geldig tot 28 Junie 1982)

Naam van produk.—Ilco Homes.

Vervaardig deur.—Ilco Homes (Edms.) Bpk., Posbus 2554, Durban, 4000.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 466 van 1979, gedateer 15 Junie 1979, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

- 03.00 Goods (excluding motor vehicles) in such quantities as the Board of Trade and Industries may stipulate, intended for use by persons with physical and mental defects, provided such goods are normally not manufactured satisfactory in the Republic and an official of the South African National Council for the Blind, the South African National Council for the Deaf, the South African National Council for Mental Health, the National Council for the Care of Cripples or the South African National Epilepsy League submits a certificate to the Board of Trade and Industries to the effect that such goods are for the exclusive use by such handicapped persons and that the importer is a body affiliated at the Council or League concerned:
- 03.01 Articles specially designed for the use of the deaf or the blind Full duty
- 03.02 Machines, implements and materials for use by handicapped persons in the manufacture of goods. Full duty

[BTI Ref. T5/1/2/5 (F22/82).]

Applicant:

The Commissioner for Customs and Excise, Private Bag X47, Pretoria, 0001.

For List 17/82, see General Notice 498, dated 23 July 1982.

(30 July 1982)

NOTICE 505 OF 1982

CO-OPERATIVE REMOVED FROM REGISTER.— CONTRACTORS CO-OPERATIVE SOCIETY LIMITED

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned Co-operative was removed from the register on 12 July 1982 in terms of section 45 of the Co-operatives Act, 1981.

Registrar of Co-operatives.

(30 July 1982)

NOTICE 506 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA (Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 29 May 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/64 (valid until 28 May 1982)

Name of product.—Ilco Homes.

Manufactured by.—Ilco Homes (Pty) Ltd, P.O. Box 2554, Durban, 4000.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 466 of 1979, dated 15 June 1979, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 507 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 20 Junie 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 77/41 (geldig tot 19 Junie 1982)

Naam van produk.—Ribhouse.

Vervaardig deur.—Murray & Roberts Buildings (Transvaal) (Edms.) Bpk., Posbus 8212, Elandsfontein, 1406.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 579 van 1977, gedateer 19 Augustus 1977, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

NOTICE 507 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 20 June 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 77/41 (valid until 19 June 1982)

Name of product.—Ribhouse.

Manufactured by.—Murray & Roberts Buildings (Transvaal) (Pty) Ltd, P.O. Box 8212, Elandsfontein, 1406.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 579 of 1977, dated 19 August 1977, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 508 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 20 Junie 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 77/42 (geldig tot 19 Junie 1982)

Naam van produk.—UMP-boustelsel.

Vervaardig deur.—Ultra Modern Prefabricated Steel Construction Maatskappy (Edms.) Bpk., Posbus 354, Edenvale, 1610.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 580 van 1977, gedateer 19 Augustus 1977, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

NOTICE 508 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 20 June 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 77/42 (valid until 19 June 1982)

Name of product.—UMP Building System.

Manufactured by.—Ultra Modern Prefabricated Steel Construction Company (Pty) Ltd, P.O. Box 354, Edenvale, 1610.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 580 of 1977, dated 19 August 1977, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 509 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 18 Januarie 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/50 (geldig tot 17 Januarie 1982)

Naam van produk.—Primac.

NOTICE 509 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 18 January 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/50 (valid until 17 January 1982)

Name of product.—Primac.

Vervaardig deur.—McCarthy Contractors (Edms.) Bpk., Posbus 1281, Kaapstad, 8000.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 318 van 1978, gedateer 28 April 1978, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens nege maande verleng.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 510 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS- ONTWIKKELING

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA (Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 23 Junie 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/55 (geldig tot 22 Junie 1982)

Naam van produk.—Conmac.

Vervaardig deur.—McCarthy Contractors (Edms.) Bpk., Posbus 1281, Kaapstad, 8000.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 796 van 1978, gedateer 6 Oktober 1978, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 511 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS- ONTWIKKELINGS

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA (Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 27 Junie 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/57 [geldig tot 26 Junie 1982 (Voorlopig)]

Naam van produk.—Imprefed-montasie-behuisingstelsel.

Vervaardig deur.—Imprefed (Edms.) Bpk., Posbus 31667, Braamfontein, 2017.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 1003 van 1978, gedateer 22 Desember 1978, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

KENNISGEWING 512 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS- ONTWIKKELING

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA (Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 29 Mei 1982 verleng.

Manufactured by.—McCarthy Contractors (Pty) Ltd, P.O. Box 1281, Cape Town, 8000.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 318 of 1978, dated 28 April 1978, is further extended for a period not exceeding nine months.

(30 July 1982)

NOTICE 510 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA (Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 23 June 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/55 (valid until 22 June 1982)

Name of product.—Conmac.

Manufactured by.—McCarthy Contractors (Pty) Ltd, P.O. Box 1281, Cape Town, 8000.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 796 of 1978, dated 6 October 1978, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

NOTICE 511 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA (Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 27 June 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/57 [(Interim) valid until 26 June 1982]

Name of product.—Imprefed Industrialized Housing System.

Manufactured by.—Imprefed (Pty) Ltd, P.O. Box 31667, Braamfontein, 2017.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 1003 of 1978, dated 22 December 1978, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

NOTICE 512 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA (Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 29 May 1982.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/63 (geldig tot 28 Junie 1982)

Naam van produk.—Imprefed-montasie-veelverdieping-boustelsel.*Vervaardig deur.*—Imprefed (Edms.) Bpk., Posbus 31667, Braamfontein, 2017.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 465 van 1979, gedateer 15 Junie 1979, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/63 (valid until 28 May 1982)

Name of product.—Imprefed Prefab Multistorey Building Systems.*Manufactured by.*—Imprefed (Pty) Ltd, P.O. Box 31667, Braamfontein, 2017.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 465 of 1979, dated 15 June 1979, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 513 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van 29 Mei 1982 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 78/65 (geldig tot 28 Mei 1982)

Naam van produk.—Constantia-baddens.*Vervaardig deur.*—Cobra Ceramics (Edms.) Bpk., Posbus 126, Alberton, 1450.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat wat by Kennisgewing 468 van 1979, gedateer 15 Junie 1979, uitgereik is, word vir 'n verdere tydperk van hoogstens ses maande verleng.

(30 Julie 1982)

NOTICE 513 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY DEVELOPMENT

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from 29 May 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 78/65 (valid until 28 May 1982)

Name of product.—Constantia Baths.*Manufactured by.*—Cobra Ceramics (Pty) Ltd, P.O. Box 126, Alberton, 1450.

The validity of this certificate, which was issued under Notice 468 of 1979, dated 15 June 1979, is further extended for a period not exceeding six months.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 514 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die aansoek om 'n Agrément-sertifikaat waarvan besonderhede in die aangehegte Bylae verskyn, teruggetrek is.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Aansoeker.—Consolidated Concrete Maatskappy (Edms.) Bpk.*Onderwerp.*—CCC (Triple C) Method.

Die aansoek waarvan kennisgewing van aanvaarding by Kennisgewing 65 van 1978, gedateer 27 Januarie 1978, uitgereik is, is teruggetrek.

(30 Julie 1982)

NOTICE 514 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the application for an Agrément certificate, details of which appear in the Schedule hereto, has been withdrawn.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Applicant.—Consolidated Concrete Company (Pty) Ltd.
Subject.—CCC (Triple C) Method.

The application, notice of acceptance of which was given under Notice 65 of 1978, dated 27 January 1978, has been withdrawn.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 515 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat die Agrément-raad van Suid-Afrika 'n verandering aan 'n sertifikaathouer se lys van geregistreerde lisensiehouers wat die gesertifiseerde produk mag vervaardig/monteer/aanwend/oprig, soos omskryf en gespesifiseer in die toepaslike sertifikaat, geregistreer het, soos uiteengesit in die aangehegte Bylae.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Byvoeging

Sertifikaathouer.—Gypsum Industries Beperk.

Nommer en titel van sertifikaat waarvoor lisensie uitgereik is.—No. 79/74, Gypsum Industries se Rhinoshield-boustelsel.

Naam en adres van nuwe lisensiehouer:

(1) Theron Construction, Francisstraat 14, Potchefstroom, 2520.

(2) Van der Watt Bouers, Posbus 4655, Pretoria, 0001.

Byvoeging

Sertifikaathouer.—Gypsum Industries Beperk.

Nommer en titel van sertifikaat waarvoor lisensie uitgereik is.—No. 79/71, Gypsum Industries se Baksteenvoorwerkhuise.

Naam en adres van nuwe lisensiehouer:

(1) Theron Construction, Francisstraat 14, Potchefstroom, 2520.

(2) Van der Watt Bouers, Posbus 4655, Pretoria, 0001.

(30 Julie 1982)

NOTICE 515 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has registered a change in a certificate holder's list of licensees who manufacture/assemble/apply/erect the certified product described and specified in the relevant certificate, as detailed in the Schedule hereto.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Addition

Certificate holder.—Gypsum Industries Limited.

Number and title of certificate for which licence has been issued.—No. 79/74, Gypsum Industries Rhinoshield Building System.

Name and address of licensee:

(1) Theron Construction, 14 Francis Street, Potchefstroom, 2520.

(2) Van der Watt Bouers, P.O. Box 4655, Pretoria, 0001.

Addition

Certificate holder.—Gypsum Industries Limited.

Number and title of certificate for which licence has been issued.—No. 79/71, Gypsum Industries Brick Veneer Building System.

Name and address of licensee:

(1) Theron Construction, 14 Francis Street, Potchefstroom, 2520.

(2) Van der Watt Bouers, P.O. Box 4655, Pretoria, 0001.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 516 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELINGAGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hierby dat aansoeke vir Agrément-sertifisering wat in die aangehegte Bylae vermeld word, deur die Agrément-raad van Suid-Afrika tydens die Raadsvergadering op 27 Mei 1982 aanvaar is.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Aansoeker.—Cape Lime Maatskappy Beperk.

Onderwerp.—Hernuwing van Sertifikaat 79/75 (Hernuwing), Gluwash en Marble Gluwash.

Gebruik.—Sierdeklae vir buitegebruik vir aanwending op *in situ*- en voorgegiete betonoppervlakke, beton- en asbetonblokkewerk en beraapte en onberaapte messelwerkoppervlakke. Die deklae kan ook vir binnenshuise versieringsgebruik word.

(30 Julie 1982)

NOTICE 516 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENTAGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the application for Agrément certification, listed in the Schedule hereto, has been accepted by the Agrément Board of South Africa at its meeting held on 27 May 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Applicant.—Cape Lime Company Ltd.

Subject.—Renewal of Certificate 79/75 (Renewal), Gluwash and Marble Gluwash.

Use.—External decorative coatings for *in situ* and precast concrete surfaces, for concrete and ash-concrete blockwork, and rendered and unrendered masonry surfaces. The coatings can also be used for internal decorative purposes.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 517 VAN 1982

**DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELING**

**AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA
(Goedkeuring van nuwe Boustelsels en -produkte)**

Kennis geskied hierby dat aansoeke om Agrément-sertifikaat waarvan besonderhede in die aangehegte Bylae verskyn, met ingang van 27 Mei 1982 deur die Agrément-raad van Suid-Afrika, gewysig is.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(1) *Aansoeker was.*—Constantia Marmer (Edms.) Bpk., Posbus 588, Florida, 1710.

Verander na.—Cobra Ceramics (Edms.) Bpk., Posbus 126, Alberton, 1450.

Onderwerp.—Sertifikaat 78/65, Constantia-baddens.

Hierdie aansoek waarvan kennisgewing van aanvaarding by Kennisgewing 123 van 1982, gedateer 26 Februarie 1982, uitgereik is, bly in alle ander opsigte onveranderd.

(2) *Aansoeker was.*—Keldro Mynbou (Edms.) Bpk., Posbus 35833, Northcliff, 2115.

Verander na.—Time Style Homes (Edms.) Bpk., Ou Klipweg 35, Roodekrans-uitbreiding 3, Roodepoort, 1725.

Onderwerp.—Pin-Point-boustelsel.

Hierdie aansoek waarvan kennisgewing van aanvaarding by Kennisgewing 122 van 1982, gedateer 26 Februarie 1982, uitgereik is, bly in alle ander opsigte onveranderd. (30 Julie 1982)

KENNISGEWING 518 VAN 1982

**DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN
TANDHEELKUNDIGE RAAD**

**VERKIESING VAN LEDE VAN DIE BEROEPSRAAD
VIR KLINIESE TEGNOLOGIE**

Ingevolge artikel 15 (11) van Wet 56 van 1974 en regulasie 8 (2) van die regulasies vir die verkiesing van lede van die Raad afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2279 van 3 Desember 1976, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde persone geldig genomineer is as kandidate vir verkiesing tot lede van die Beroepsraad vir Kliniese Tegnologie vir die tydperk wat op die 31ste dag van Augustus 1987 verstryk:

Ellis, Jan Cornelius;
Goldman, Hymie Izak;
Piller, Laurence William;
Pretorius, Johan Hendrik;
Ransom, Robert Graham;
Van Niekerk, Lukas Mathys;
Van Rensburg, Johan Anton Daniel;
Vermaak, Nicolaas Johannes van Zyl.

Aangesien die getal kliniese tegnoloë wat geldig genomineer is, die getal kliniese tegnoloë oortref wat verkies moet word, het ek 30 Augustus 1982 om 12h00 vasgestel as die dag en tyd waarvoor elkeen wat geregtig is om by die verkiesing te stem 'n stembriefie in die Derde Aanhangsel van die gemelde regulasies beskryf, kan teken en aan my stuur of oorhandig. 'n Stembriefie sal gepos word na die laaste geregistreerde adres van elkeen wat geregtig is om by die verkiesing te stem.

N. M. PRINSLOO, Kiesbeampte, Posbus 205, Oranje-Nassaugebou 6155, Schoemanstraat 188, Pretoria, 0002.

(30 Julie 1982)

NOTICE 517 OF 1982

**DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENT**

**AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA
(Approval of new building systems and products)**

Notice is hereby given that the applications for Agrément certificates, details of which appear in the Schedule hereto, have been amended with effect from 27 May 1982.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(1) *Applicant was.*—Constantia Marble (Pty) Ltd, P.O. Box 588, Florida, 1710.

Changed to.—Cobra Ceramics (Pty) Ltd, P.O. Box 126, Alberton, 1450.

Subject.—Certificate 78/65, Constantia Baths.

The application for and agrément evaluation, notice of acceptance of which was given under Notice 123 of 1982, dated 26 February 1982, remains unchanged in all other details.

(2) *Applicant was.*—Keldro Mynbou (Pty) Ltd, P.O. Box 35833, Northcliff, 2115.

Changed to.—Time Styles Homes (Pty) Ltd, 35 Ou Klip Road, Roodekrans Extension 3, Roodepoort, 1725.

Subject.—Pin-Point Building System.

The application for an agrément evaluation, notice of acceptance of which was given under Notice 122 of 1982, dated 26 February 1982, remains unchanged in all other details.

(30 July 1982)

NOTICE 518 OF 1982

**THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL
COUNCIL**

**ELECTION OF MEMBERS OF THE PROFESSIONAL
BOARD FOR CLINICAL TECHNOLOGY**

It is hereby notified in terms of section 15 (11) of Act 56 of 1974 and regulation 8 (2) of the regulations for the election of members of the Council published under Government Notice R. 2279 of 3 December 1976, that the following persons have been validly nominated as candidates for election as members of the Professional Board for Clinical Technology for the period ending the 31st day of August 1987:

Ellis, Jan Cornelius;
Goldman, Hymie Izak;
Piller, Laurence William;
Pretorius, Johan Hendrik;
Ransom, Robert Graham;
Van Niekerk, Lukas Mathys;
Van Rensburg, Johan Anton Daniel;
Vermaak, Nicolaas Johannes van Zyl.

As the number of clinical technologists validly nominated exceeds the number of clinical technologists to be elected, I have appointed 30 August 1982 at 12h00 as the day and hour before which every person entitled to vote in the election may sign and transmit or deliver to me a voting paper described in the Third Annexure to the said regulations. A voting paper will be posted to the last registered address of every person entitled to vote in the election.

N. M. PRINSLOO, Returning Officer, P.O. Box 205, 6115 Oranje-Nassau Buildings, 188 Schoeman Street, Pretoria, 0002.

(30 July 1982)

KENNISGEWING 519 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949),
SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Direktoraat Burgerlugvaart), Private X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE A

LYS VAN AANSOEKE OM DIE TOESTAAN VAN
LISENSIES

